

PREEKSKETS: MATTEUS 10:5-16

Die oomblik nadat Jesus vir ons geleer het dat Hy ons soos lammertjies tussen 'n trop wolwe uitstuur, leer Hy ons hoe om dit te doen met: *“Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe.”* Hy wil nie hê ons moet dom dinge in sy Naam doen nie. Ook wil Hy nie hê dat ons so passievol en moedig vir Hom sal wees, sodat ons liefdeloos teenoor ons naaste sal wees nie.

Neem deeglik kennis van Jesus se eerste woorde: *“ONTHOU: EK STUUR JULLE...”* Die krag agter ons *“gestuur wees”*, is Christus self. Deur sy Gees maak Hy ons sy verteenwoordigers. Die krag agter ons sending lê nie in hoe kragtig ons die boodskap kan oordra nie, ook nie in hoeveel liefde ons kan gee nie, maar in Christus wat deur sy Gees in ons werk.

Hierdie SEKERHEID kan 'n mens maklik so passievol maak dat jy dom dinge kan doen. Christus weet dat die duiwel selfs ons passie vir Hom sal gebruik om ons eie eer te soek. Daarom as Hy ons opnuut verseker dat Hy ons stuur, beveel Hy ons ook: *“WEES DUS VERSIGTIG SOOS SLANGE EN OPREG SOOS DUIWE.”*

“VERSIGTIG SOOS SLANGE” = So dodelik as wat 'n slang kan wees, so kwesbaar is hy vir sy vyande. As hulle hom eerste sien, is hy dood. Daarom is slange skugter, is hulle goed gekamoefleer en beweeg hulle so ongemerk en stil as moontlik. Hulle ken hulle sterkpunte en hulle ken die omgewing waarbinne hulle beweeg. En belangrik, hulle wag met groot dapperheid vir die regte oomblik om op hulle prooi toe te slaan.

Wees dapper en vreesloos as Jesus se dissipel, maar dink wat gaan die gevolge van my woorde/dade wees. Gaan dit vir mense meer gewillig maak om na Jesus toe te kom, of gaan dit hulle eerder van Hom af wegdryf? Gaan dit vir my geleentheid gee om weer met daardie persoon te kan praat, of sny dit enige verdere invloed af? In Rom. 14-15 sluit Paulus ook by Jesus aan as hy vir ons leer: *“Moet nie dat die goeie wat julle het, 'n slegte naam kry nie”*.(Rom.14:16).

Ons kan eindlose voorbeelde noem, maar kyk na Jesus wat mens geword het, wat ons kom ontmoet het waar ons is, en wat God se liefde in ons wêreld en in ons omstandighede aan ons kom bedien het.

“OPREG SOOS DUIWE” = Ek wil dit waag om te sê dat nie een van ons kan ’n verhaal vertel van ’n duif wat met slegte bedoelings mense soek om hulle seer te maak nie. Kom ons pas dit toe op ons as dissipelmakers: Net soos ’n duif nie slegte bedoelings met enige iemand het nie, net so moet ons nie onsuiwre bedoelings met mense hê as ons die evangelie aan hulle bedien nie. Paulus verwoord hierdie “*opreg soos duiwe*” later met die woorde: “*Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld.*”

Om OORDEELKUNDIG soos slange en so SORGSAAM soos duiwe te wees, beteken NIE dat ek die waarheid van die evangelie moet prysgee nie. Dit gaan eerder daaroor dat ons weg moet kyk van onself en ons belange, sodat ons die belange van ons naaste eerste kan stel. So kan ons hulle vertrouwe wen en dan... as ons in ’n ruimte is waar ons eerlik en opreg die volle lig van die evangelie op hulle lewens kan laat val... verkondig ons aan hulle Christus alleen!

Mag God self aan ons die wysheid deur sy Gees skenk sodat ons “**VER-SIGTIG SOOS SLANGE EN OPREG SOOS DUIWE**” kan wees, want Jesus stuur ons uit soos “**SKAPE TUSSEN ’N KLOMP WOLWE**”.

VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKGROEPE

Wat leer ons van Jesus in Jesaja 42:1-3?

Lees Rom. 14:13-23 en bespreek in die groep wanneer iemand die goeie van die evangelie ’n slegte naam gee. Wees baie prakties en gesels ook hoe dit voorkom kan word.

Wat dink julle bedoel Paulus met die woorde in Filippense 1:9-11?

Die oppervlakkige Christelike identiteit van baie sogenaamde Christene verduidelik waarom hulle rassities en gierige materialiste kan wees, aan pret en plesier verslaaf kan wees, of vol angs en geneig tot uitbranding kan wees. Hierdie dinge gebeur omdat dit nie Christus se liefde nie, maar eerder die wêreld se krag, aanvaarding en gemak is wat die wortels van hulle eie-identiteit voed. (Tim Keller)